



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2603

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 2603

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 152]

PRETORIA, 24 FEBRUARIE
24 FEBRUARY 1978

[No. 5888

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 317 24 Februarie 1978
DIE WET OP PENSIOENE VIR BANTOE-OWER-
HEIDSDIENS, 1971

REGULASIES BETREFFENDE DIE PENSIOEN- FONDS VIR PERSONE IN OWERHEIDSDIENS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971 (Wet 6 van 1971), vaardig ek, Cornelius Petrus Mulder, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby die regulasies vervat in bygaande Bylae uit. Hierdie regulasies word met die toestemming van die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika uitgevaardig en op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing gemaak.

Goewermentskennisgewing R. 1955 van 29 Oktober 1971, soos gewysig, word met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies herroep.

C. P. MULDER, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(Lêer S1/1/4/2)

BYLAE

WOORDOMSKRYWING

1. (1) In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan 'n betekenis in artikel 1 van die Wet geheg is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, en beteken—

- (i) "aanvullende bedrag" 'n bedrag bedoel in regulasie 10 (1) (c) of 16 (1) (b);
- (ii) "afhanklike" ook 'n begunstigde;
- (iii) "ander diens" diens by 'n werkgewer, wat of 'n ander regering of 'n raad, inrigting of liggaam wat by wet ingestel is of 'n ander liggaam of werkgewer wat die Sekretaris goedgekeur het, kan wees, en aan wie 'n lid afgestaan is vir diens wat nie owerheidsdiens is nie en ten opsigte waarvan sodanige lid nie verplig is om tot die pensioenfondse by te dra nie;
- (iv) "bepaalde datum" die datum waarop hierdie regulasies in werking tree;

67945—A

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 317 24 February 1978
BANTU AUTHORITIES' SERVICE PENSIONS
ACT, 1971

REGULATIONS GOVERNING THE PENSION FUND FOR PERSONS IN AUTHORITIES' SERVICE

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Bantu Authorities' Service Pensions Act, 1971 (Act 6 of 1971), I, Cornelius Petrus Mulder, Minister of Bantu Administration and Development, hereby promulgate the regulations in the accompanying Schedule.

These regulations are promulgated and made applicable in the Territory of South-West Africa with the consent of the Administrator-General for the Territory of South-West Africa. Government Notice R. 1955 of 29 October 1971, as amended is repealed with effect from the date on which these regulations come into operation.

C. P. MULDER, Minister of Bantu Administration and Development.

(File S1/1/4/2)

SCHEDULE

DEFINITIONS

1. (1) In these regulations, unless the context otherwise indicates, every expression to which a meaning has been assigned in section 1 of the Act, bears, when used in these regulations, the same meaning, and—

- (i) "beneficiary", in relation to a deceased member, means—
 - (a) such member's legally adopted child or stepchild, who—
 - (i) has not entered into a marriage [as defined in section 35 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927)], and is not a partner (as so defined) in a customary union (as so defined);
 - (ii) has not attained the age of 18 years; and
 - (iii) is not self-supporting; or

5888—1

(v) "begunstigde" met betrekking tot 'n oorlede lid—

(a) sodanige lid se wettiglik aangenome kind of stiefkind wat—

(i) nie in die huwelik [soos in artikel 35 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), omskryf] getree het nie, en nie 'n deelgenoot (soos aldus omskryf) in 'n gebruikelike verbinding (soos aldus omskryf) is nie;

(ii) nie die leeftyd van 18 jaar bereik het nie; en

(iii) nie selfonderhoudend is nie; of

(b) iemand anders wat, volgens die oordeel van die Sekretaris, geheel en al of gedeeltelik van sodanige lid vir sy onderhoud afhanklik is;

en wat vir die doeleindes van hierdie regulasies deur die Sekretaris as 'n begunstigde aangewys is;

(vi) "bydraes" die bydraes ooreenkomstig die toepaslike bydraekoers in regulasie 7 (1) bedoel (maar nie rente nie) deur 'n lid aan die pensioenfonds betaal of verskuldig;

(vii) "die formule" met betrekking tot 'n aangeleentheid wat ooreenkomstig die formule bereken moet word—

$R \times Z \times N \times D$

waarin—

faktor R die koers is waarteen die lid tot die pensioenfonds bydra;

faktor Z die gemiddelde jaarlikse pensioengewende verdienste van die lid is gedurende die laaste drie jaar van sy pensioengewende diens of gedurende die volle tydperk van sodanige diens, watter tydperk ook al die kortste is;

faktor N die tydperk is van die lid se pensioengewende diens; en

faktor D bepaal word deur 'n getal bereken ooreenkomstig onderstaande tabel van 10 000 af te trek en die resultaat deur 10 000 te deel:

TABEL

Voltooiende maande van pensioengewende diens	Berekening van getal
0 tot 36.....	0;
37 tot 120.....	0 plus 26 vir elke voltooiende maand pensioengewende diens bo 36 maande;
121 tot 240.....	2 184 plus 17 vir elke voltooiende maand sodanige diens bo 120 maande;
241 tot 360.....	4 224 plus 11 vir elke voltooiende maand sodanige diens bo 240 maande;
361 tot 480.....	5 544 plus 7 vir elke voltooiende maand sodanige diens bo 360 maande;
481 en meer.....	6 384 plus 5 vir elke voltooiende maand sodanige diens bo 480 maande.

(viii) "die Wet" die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971 (Wet 6 van 1971);

(ix) "faktor D" faktor D van die formule;

(x) "gratifikasie" 'n voordeel wat ooreenkomstig regulasie 9 of 10 (1) (a) bereken word;

(xi) "huweliksgratifikasie" 'n voordeel wat ooreenkomstig regulasie 11 (3) bereken word;

(b) any other person who, in the opinion of the Secretary, is wholly or partially dependent on such member for his maintenance;

and who, for the purposes of these regulations, has been designated by the Secretary as a beneficiary;

(ii) "combined service", in relation to a member, means the sum of the period of such member's pensionable service and the period of his reckonable service;

(iii) "contributions" means contributions at the appropriate rate of contribution referred to in regulation 7 (1) (excluding interest) paid or due to the pension fund by a member;

(iv) "dependant", includes a beneficiary;

(v) "factor D" means factor D of the formula;

(vi) "gratuity" means a benefit calculated in accordance with regulation 9 or 10 (1) (a);

(vii) "marriage gratuity" means a benefit calculated in accordance with regulation 11 (3);

(viii) "member" means any person who contributes to the pension fund or is liable so to contribute and also a person entitled to a pension out of the said fund, but does not include a dependant;

(ix) "other employment" means employment under an employer, who may be either any other government or any board, institution or body established by law or any other body or employer approved by the Secretary, and to whom a member has been seconded for service which does not constitute service under an authority and in respect of which such member is not liable to contribute to the pension fund;

(x) "pensionable emoluments" means—

(a) a person's pay in accordance with a scale approved in terms of any law by the authority dealing with personnel affairs of the authority concerned;

(b) any special allowance attached to a particular office if such allowance has been declared by the Minister in consultation with the said authority to be pensionable;

(c) so much of—

(i) any personal allowance granted to a person in consideration of his pay being reduced otherwise than as a penalty;

(ii) a ration allowance or the value of free rations;

(iii) an allowance for quarters or the value of free quarters not exceeding one-sixth of the other pensionable emoluments of the person concerned;

(iv) any fuel, electricity or laundry allowance or the value of free fuel, electricity or laundry;

as the Minister may in consultation with the said authority declare to be pensionable, but does not include—

(aa) any cost of living or climatic allowance;

(bb) any special remuneration which a person may receive for performing special duties or while he is acting in any office;

(cc) any transport or subsistence allowance;

(dd) any fees, honoraria or bonuses of any kind;

(ee) any overtime payments; or

(ff) any other allowance not herein specified;

(xi) "pensionable service" means the service referred to in regulation 3 (1);

(xii) "pensioner" means any person who is in receipt of an annuity from the pension fund in respect of his pensionable service;

(xii) "lid" iemand wat tot die pensioenfonds bydra of onder verpligting staan om aldus by te dra en ook iemand wat op 'n pensioen uit vermelde fonds geregtig is maar nie 'n afhanklike is nie;

(xiii) "pensioenaris" iemand wat ten opsigte van sy pensioengewende diens 'n jaargeld uit die pensioenfonds ontvang;

(xiv) "pensioengewende diens" diens in regulasie 3 (1) bedoel;

(xv) "pensioengewende verdienste"—

(a) 'n persoon se besoldiging volgens 'n skaal wat by of kragtens die een of ander wetsbepaling deur die gesag wat die personeelsake van die betrokke owerheid behartig, goedgekeur is;

(b) 'n spesiale toelae verbonde aan 'n bepaalde betrekking as sodanige toelae deur die Minister in oorleg met bedoelde gesag as pensioengewende verklaar is;

(c) soveel van—

(i) 'n persoonlike toelae wat aan 'n persoon toegeken is omdat sy besoldiging op 'n ander wyse as 'n straf verminder is;

(ii) 'n rantsoentoelae of die waarde van vry rantsoene;

(iii) 'n toelae vir kwartiere of die waarde van vry kwartiere, maar hoogstens 'n sesde van die betrokke persoon se ander pensioengewende verdienste;

(iv) 'n brandstof-, elektrisiteits- of wasgoedtoelae of die waarde van vry brandstof, elektrisiteit of wasgoed; as wat die Minister in oorleg met bedoelde gesag as pensioengewend verklaar, maar nie die volgende nie:

(aa) 'n Lewenskoste- of klimaattoelae;

(bb) spesiale besoldiging wat 'n persoon ontvang vir die uitvoering van spesiale pligte, of terwyl hy in enige betrekking waarneem;

(cc) 'n vervoer- of verblyftoelae;

(dd) enige gelde, honoraria of bonusse van watter aard ook al;

(ee) oortydbetalings; of

(ff) 'n ander toelae wat nie hierin gespesifiseer word nie;

(xvi) "rekenbare diens" diens in regulasie 3 (2) bedoel;

(xvii) "samegestelde diens" met betrekking tot 'n lid, die som van die tydperk van sodanige lid se pensioengewende diens en die tydperk van sy rekenbare diens;

(xviii) "Tesourie" die Minister van Finansies of 'n beampte in die Departement van Finansies wat op sy gesag handel.

(2) By die berekening van enige voordeel wat ingevolge hierdie regulasies betaalbaar is aan of ten opsigte van 'n lid wat minder as een jaar pensioengewende diens tot sy krediet het, word die gemiddelde jaarlikse pensioengewende verdienste van sodanige lid geag 'n bedrag te wees wat bereken word ooreenkomstig die formule $\frac{A \times C}{B}$

in welke formule—

A die totale bedrag van die pensioengewende verdienste wat die betrokke lid gedurende die hele tydperk van sy pensioengewende diens ontvang het, voorstel;

B die getal dae waartydens die betrokke lid tot die pensioenfonds bygedra het, voorstel; en

C 365 voorstel.

(xiii) "reconable service" means service referred to in regulation 3 (2);

(xiv) "specified date" means the date on which these regulations come into operation;

(xv) "supplementary amount" means an amount referred to in regulation 10 (1) (c) or 16 (1) (b);

(xvi) "the Act" means the Bantu Authorities' Service Pensions Act, 1971 (Act 6 of 1971);

(xvii) "the formula" in relation to any matter to be calculated in accordance with the formula, means—

$R \times Z \times N \times D$

in which—

factor R shall be the rate at which the member contributes to the pension fund;

factor Z shall be the member's average annual pensionable emoluments during the last three years of his pensionable service or during the whole period of such service, whichever is the shorter period;

factor N shall be the period of the member's pensionable service; and

factor D shall be determined by subtracting a number calculated in accordance with the undermentioned table from 10 000 and dividing the result by 10 000:

TABLE

Completed months of pensionable service	Calculation of number
0 to 36.....	0;
37 to 120.....	0 plus 26 for each completed month of pensionable service in excess of 36 months;
121 to 240.....	2 184 plus 17 for each completed month of such service in excess of 120 months;
241 to 360.....	4 224 plus 11 for each completed month of such service in excess of 240 months;
361 to 480.....	5 544 plus 7 for each completed month of such service in excess of 360 months;
481 and over.....	6 384 plus 5 for each completed month of such service in excess of 480 months.

(xviii) "Treasury" means the Minister of Finance or any officer in the Department of Finance acting on his authority.

(2) For the purpose of calculating any benefit payable in terms of these regulations to or in respect of a member who has less than one year of pensionable service to his credit, the average annual pensionable emoluments of such member shall be deemed to be an amount which shall be calculated in accordance with the formula $\frac{A \times C}{B}$ which formula—

A represents the total amount of the pensionable emoluments which the member concerned received during the whole period of his pensionable service;

B represents the number of days during which the member concerned contributed to the pension fund; and

C represents 365.

HOOFSTUK I

DIENS EN BYDRAES

Onbevoegdheid vir lidmaatskap

2. Niemand word lid van en dra tot die pensioenfonds by nie—

- (a) voordat hy die leeftyd van 15 jaar bereik;
- (b) as sy pensioengewende verdienste minder as R180 per jaar bedra;
- (c) as hy uitsluitlik by wyse van gelde, honoraria of toelaes besoldig word;
- (d) as nie al sy tyd vir owerheidsdiens beskikbaar is nie;
- (e) as sy diens van 'n los of onderstandaard is;
- (f) terwyl hy vir 'n bepaalde getal maande of jare in owerheidsdiens is, of hy vir die uitvoering of afhandeling van 'n bepaalde taak in diens geneem is;
- (g) tensy hy in 'n vaste hoedanigheid (diens op proef inbegrepe) ingevolge artikel 3 van die Wet in owerheidsdiens is; of
- (h) terwyl hy 'n lid is van en bydra tot die superannuasiefonds, en nie aan die vereistes van hierdie regulasie voldoen nie.

Diens

3. (1) 'n Lid word, met betrekking tot die pensioenfonds, vir die berekening van 'n voordeel geag pensioengewende diens te verrig het—

(a) vir 'n tydperk ten opsigte waarvan hy bydraes aan die pensioenfonds betaal het of verskuldig is en ten opsigte waarvan geen pensioen betaal word of betaal is nie; en

(b) vir 'n tydperk wat kragtens hierdie regulasies of die regulasies wat by Goewermentskennisgewing R. 1955 van 29 Oktober 1971 afgekondig is, by sy pensioengewende diens ingesluit is of as pensioengewende diens gereken is.

(2) 'n Lid word, met betrekking tot die pensioenfonds, geag rekenbare diens te verrig het gedurende 'n aaneenlopende tydperk van heeltydse diens by die Regering, 'n owerheid of 'n verklaarde departement of liggaam as die betrokke lid gedurende sodanige tydperk nie tot die pensioenfonds, die superannuasiefonds of 'n ander pensioenfonds of 'n voorsorgfonds bygedra het nie en mits sodanige tydperk 'n tydperk van sodanige lid se pensioengewende diens voorafgaan en daarmee aaneenloop.

(3) Die aaneenlopendheid van 'n tydperk in subregulasie (1) of (2) bedoel, word geag nie onderbreek te word nie—

(a) deur afwesigheidsverlof aan die betrokke lid toegestaan kragtens die een of ander wetsbepaling betreffende sy diensvoorwaardes;

(b) in die geval van 'n lid aan wie geen afwesigheidsverlof aldus toegestaan kan word nie, deur afwesigheid van diens vir 'n tydperk van hoogstens 120 dae op 'n keer of dié langer tydperk wat die Sekretaris onder spesiale omstandighede goedkeur;

(c) deur 'n tydperk van skorsing, mits die betrokke lid toegelaat word om sy diens te hervat;

(d) in die geval van 'n lid se pensioengewende diens, deur 'n tydperk wat tussen twee opeenvolgende tydperke van pensioengewende diens val maar nie by sodanige diens ingesluit is nie; en

(e) in die geval van 'n lid se rekenbare diens, deur 'n tydperk van pensioengewende diens wat tussen twee opeenvolgende tydperke van rekenbare diens val.

CHAPTER I

SERVICE AND CONTRIBUTIONS

Disqualification for membership

2. No person shall become a member of and contribute to the pension fund—

- (a) before he has attained the age of 15 years;
- (b) if his pensionable emoluments amount to less than R180 per annum;
- (c) if he is remunerated exclusively by means of fees, honoraria or allowances;
- (d) if all his time is not available for service under an authority;
- (e) if his employment is of a casual nature or of the nature of relief employment;
- (f) while he is in the service of an authority for a specified number of months or years, or has been employed for the performance or completion of a specific task;
- (g) unless he is in the service of an authority in a permanent capacity (including service on probation) in terms of section 3 of the Act; or
- (h) while he is a member of and contributes to the superannuation fund and does not comply with the requirements of this regulation.

Service

3. (1) A member shall, in relation to the pension fund, for the purposes of calculating any benefit, be deemed to have performed pensionable service—

(a) for any period in respect of which he has paid or owes contributions to the pension fund and in respect of which no pension is being paid or has been paid; and

(b) for any period included in his pensionable service or reckoned as pensionable service in terms of these regulations or the regulations promulgated by Government Notice R. 1955 dated 29 October 1971.

(2) A member shall, in relation to the pension fund, be deemed to have performed reckonable service during any continuous period of whole-time service under the Government, an authority or a declared department or body, if the member concerned had during such period not contributed to the pension fund, the superannuation fund or any other pension fund or a provident fund and provided such period precedes and is continuous with a period of such members's pensionable service.

(3) The continuity of any period referred to in subregulation (1) or (2), shall be deemed not to be interrupted—

(a) by leave of absence granted to the member concerned in terms of any law governing his conditions of service;

(b) in the case of a member to whom no leave of absence may so be granted, by absence from duty for a period not exceeding 120 days at any one time or such longer period as the Secretary may approve in special circumstances;

(c) by a period of suspension, provided the member concerned is permitted to return to duty;

(d) in the case of a member's pensionable service, by any period falling between two consecutive periods of pensionable service but not included in such service; and

(e) in the case of a member's reckonable service, by any period of pensionable service intervening between two consecutive periods of reckonable service.

(4) Behoudens subregulasie (8) en regulasie 7 (6) en (7) word geen tydperk in subregulasie (3) bedoel as pensioengewende diens gereken nie, tensy bydraes of 'n ander bedrag bereken ingevolge hierdie regulasies of die regulasies by Goewermentskennisgewing R. 1955 van 29 Oktober 1971 afgekondig, ten opsigte van die betrokke tydperk verskuldig, betaal is.

(5) Geen tydperk—

(a) in subregulasie (3) (b) bedoel;

(b) in subregulasie (3) (a) of (c) bedoel, waarin die betrokke lid nie volle of minder as volle besoldiging ontvang het nie; of

(c) in subregulasie (4) bedoel, ten opsigte waarvan 'n bydrae of 'n ander bedrag in daardie subregulasie bedoel, betaal is of betaalbaar is;

word by 'n lid se rekenbare diens ingesluit nie.

(6) Indien 'n lid gedurende 'n tydperk van pensioengewende of rekenbare diens per week, per dag of per uur besoldig is, word sy pensioengewende verdienste vir die berekening van 'n voordeel ooreenkomstig hierdie regulasies bepaal op die jaarlikse ekwivalent van sodanige besoldiging tot die naaste rand bereken.

(7) Vir die toepassing van hierdie regulasies—

(a) word 'n tydperk van pensioengewende diens en 'n tydperk wat ingevolge regulasie 4 of 'n ander wetsbepaling by sodanige diens ingesluit is of as pensioengewende diens gereken is, vir alle doeleindes in jare en dele van 'n jaar bereken;

(b) word 'n tydperk van rekenbare diens—

(i) vir die bepaling van 'n tydperk van samegestelde diens in jare en dele van 'n jaar bereken; en

(ii) vir die berekening van 'n voordeel wat ten opsigte van rekenbare diens betaalbaar is, in jare bereken, en word 'n resterende breukdeel van 'n jaar in sodanige tydperk buite rekening gelaat;

(c) beteken "jaar" 'n kalenderjaar en word 'n jaar, in die geval van 'n berekening waar dele van 'n jaar bymekaargetel gaan word, geag aan 365 dae gelyk te wees;

(d) word 'n deel van 'n jaar uitgedruk as die verhouding tussen die getal dae in sodanige deel en 365; en

(e) word 'n lid wat gedurende 'n tydperk van rekenbare diens minder as volle besoldiging ontvang het, vir die berekening van 'n voordeel geag gedurende sodanige tydperk volle besoldiging te ontvang het.

(8) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie regulasies word enige tydperk wat ingevolge regulasie 4 (9) van die regulasies by Goewermentskennisgewing R. 1955 van 29 Oktober 1971 afgekondig, by 'n lid se pensioengewende diens ingesluit is of wat ingevolge regulasie 4 (10) (b) van hierdie regulasies as pensioengewende diens gereken is, by die berekening van 'n voordeel of bedrag wat ingevolge regulasie 11 (1) of 12 (4) betaalbaar word, buite rekening gelaat.

Insluiting van sekere tydperke by pensioengewende diens

4. (1) Indien iemand met die verwydering van 'n onbevoegdheid in regulasie 2 (f) of (g) genoem op enige datum lid word van, en begin bydra tot die pensioenfonds, word dié tydperk van sy aaneenlopende diens wat bedoelde datum voorafgaan en wat die Sekretaris goedkeur, as pensioengewende diens gereken.

(2) Indien iemand in artikel 3 (1) van die Wet bedoel, lid van die pensioenfonds word en daartoe bydra, word dié tydperk van die diens in genoemde artikel bedoel wat die bepaalde datum onmiddellik voorafgaan en deur die Sekretaris goedgekeur word, as pensioengewende diens gereken.

(4) Subject to subregulation (8) and regulation 7 (6) and (7), no period referred to in subregulation (3) shall be reckoned as pensionable service unless contributions or any other amount calculated in terms of these regulations or the regulations promulgated by Government Notice R. 1955 of 29 October 1971, owed in respect of the period in question have been paid.

(5) No period—

(a) referred to in subregulation (3) (b);

(b) referred to in subregulation (3) (a) or (c) in which the member concerned was not in receipt of full or less than full pay;

(c) referred to in subregulation (4), in respect of which a contribution or any other amount referred to in that subregulation has been paid or is payable;

shall be included in any member's reckonable service.

(6) If during any period of pensionable or reckonable service a member was remunerated at a weekly, daily or hourly rate of pay, has pensionable emoluments shall, for the purpose of calculating any benefit under these regulations, be assessed on the basis of the annual equivalent of such remuneration calculated to the nearest rand.

(7) For the purposes of these regulations—

(a) any period of pensionable service and any period included in such service or reckoned as pensionable service in terms of regulation 4 or any other law, shall for all purposes be calculated in years and portions of a year;

(b) a period of reckonable service—

(i) shall, for the purpose of determining a period of combined service, be calculated in years and portions of a year; and

(ii) shall, for the purpose of calculating a benefit payable in respect of reckonable service, be calculated in years, and any remaining fraction of a year in such period shall not be taken into account;

(c) "year" shall mean a calendar year and a year shall, in the case of any calculation in which portions of a year are to be added, be deemed to equal 365 days;

(d) a portion of a year shall be expressed as the ratio which the number of days in such portion bears to 365; and

(e) a member who received less than full pay during any period of reckonable service, shall be deemed, for the purpose of calculating a benefit, to have received full pay during such period.

(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, any period which was included in a member's pensionable service in terms of regulation 4 (9) of the regulations promulgated by Government Notice R. 1955 of 29 October 1971 or which has been reckoned as pensionable service in terms of regulation 4 (10) (b) of these regulations shall be disregarded for the purpose of calculating any benefit or amount which becomes payable in terms of regulation 11 (1) or 12 (4).

Inclusion of certain periods in pensionable service

4. (1) If on the removal of a disqualification referred to in regulation 2 (f) or (g), any person becomes a member of and commences contributing to the pension fund on any date, such period of his continuous service preceding the said date as the Secretary may approve shall be reckoned as pensionable service.

(2) If any person referred to in section 3 (1) of the Act becomes a member of and contributes to the pension fund, such period of the service referred to in the said section as immediately precedes the specified date and is approved by the Secretary shall be reckoned as pensionable service.

(3) 'n Persoon in artikel 3 (3) van die Wet bedoel, word, behoudens die bepalings van daardie artikel en van regulasie 2, lid van die pensioenfonds, en sy vorige pensioengewende diens (as daar is) word teen betaling van 'n bedrag ooreenkomstig subregulasie (6) bereken, en mits sodanige diens sy pensioengewende diens voorafgaan sonder onderbreking van die deurlopendheid van sy diens of na sodanige onderbreking as wat die Sekretaris nodig en redelik ag, by sy pensioengewende diens ingesluit.

(4) Indien 'n lid van die superannuasiefonds in 'n permanente hoedanigheid of op proef in owerheidsdiens aangestel word, word hy, behoudens regulasie 2, met ingang van die datum waarop hy aldus aangestel word as lid van die pensioenfonds, dra hy vanaf bedoelde datum teen die voorgeskrewe bydraekers daartoe by, en word sy vorige pensioengewende diens as lid van die superannuasiefonds teen betaling aan die pensioenfonds van 'n bedrag ooreenkomstig subregulasie (6) bereken, by sy pensioengewende diens as lid van die pensioenfonds ingesluit.

(5) Die bedrag wat die pensioenfonds vereis ten opsigte van die erkenning van die vorige pensioengewende diens van 'n lid in artikel 3 (7) van die Wet bedoel, is die som van die bedrae ooreenkomstig subregulasie (6) (a) en (b) bereken.

(6) Die bedrag wat ingevolge subregulasie (3) of (4) betaalbaar is, word bereken as die totaalbedrag van—

(a) 3,25 maal 'n bedrag ooreenkomstig die formule bereken ten opsigte van die tydperk van vorige pensioengewende diens van die betrokke lid asof hy gedurende daardie tydperk 'n lid van die pensioenfonds was en daartoe bygedra het ooreenkomstig die bydraekers wat op die datum waarop hy werklik 'n lid geword het, op hom van toepassing was;

(b) 2,75 persent van die bedrag ooreenkomstig paragraaf (a) bereken vir elke voltooide jaar van die tydperk van sodanige vorige pensioengewende diens, en vir 'n deel van 'n jaar in sodanige tydperk 'n persentasie van sodanige bedrag as wat in dieselfde verhouding tot 2,75 persent staan as wat die getal dae in sodanige deel tot 365 staan; en

(c) rente teen 5,5 persent per jaar, jaarliks saamgestel op 31 Maart op die totaal van die bedrae ooreenkomstig paragrafe (a) en (b) bepaal, bereken met ingang van die datum waarop die betrokke persoon onder verpligting kom om by te dra tot die pensioenfonds tot op die datum van betaling.

(7) Geld wat uit die superannuasiefonds of 'n ander pensioenfonds of 'n voorsorgfonds ten opsigte van 'n lid in subregulasie (3) of (4) bedoel, betaalbaar is, word aangewend ter volle of gedeeltelike vereffening van die bedrae wat ingevolge daardie subregulasies aan die pensioenfonds betaalbaar is, en die bedrag van enige tekort wat bestaan nadat sodanige geld aldus aangewend is, word ooreenkomstig subregulasie (15) op die betrokke lid verhaal. Met dien verstande dat indien sodanige tekort bestaan na die aanwending van 'n bedrag wat betaal is uit 'n spaarfonds of 'n voorsorgfonds of ingevolge 'n pensioenwet wat uitgevoer word deur 'n Nie-Blanke owerheid wat by 'n wet van die Parlement ingestel is, die Sekretaris bepaal watter deel (as daar is) van sodanige tekort uit inkomste betaalbaar is.

(8) (a) Indien die geld wat ingevolge subregulasie (7) ten opsigte van 'n lid in subregulasie (3) bedoel aangewend moet word en wat uit die Spaarfonds vir Natalse Nie-Europese Onderwysers bedoel in artikel 11 van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953), betaalbaar is, minder is as die bedrag ooreenkomstig subregulasie (6) bereken, word sodanige tekort deur die betrokke owerheid uit inkomste aan die pensioenfonds betaal.

(3) Any person referred to in section 3 (3) of the Act shall, subject to the provisions of that section and of regulation 2, become a member of the pension fund, and his previous pensionable service (if any) shall, against payment of an amount calculated in accordance with subregulation (6), and provided that such service precedes his pensionable service without an interruption in the continuity of his service or after such interruption as the Secretary may deem necessary and reasonable, be included in his pensionable service.

(4) If a member of the superannuation fund is appointed to the service of an authority in a permanent capacity or on probation, he shall, subject to regulation 2, become a member of the pension fund with effect from the date on which he is so appointed, and shall from the said date contribute thereto at the prescribed rate of contribution, and his previous pensionable service as a member of the superannuation fund shall be included in his pensionable service as a member of the pension fund against payment to the pension fund of an amount calculated in accordance with subregulation (6).

(5) The amount required by the pension fund in respect of the recognition of the previous pensionable service of a member referred to in section 3 (7) of the Act shall be the sum of the amounts calculated in accordance with subregulation (6) (a) and (b).

(6) The amount payable in terms of subregulation (3) or (4), shall be calculated as the aggregate of—

(a) 3,25 times an amount calculated in accordance with the formula in respect of the period of the previous pensionable service of the member concerned, as if, during the said period, he was a member of the pension fund and contributed thereto at the rate of contribution applicable to him on the date on which he actually became a member;

(b) 2,75 per cent of the amount calculated in accordance with paragraph (a) for each completed year of the period of such previous pensionable service, and, for any portion of a year in such period, a percentage of such amount bearing the same ratio to 2,75 per cent as the number of days in such portion bears to 365; and

(c) interest at the rate of 5,5 per cent per annum, compounded annually on 31 March on the total of the amounts determined in accordance with paragraphs (a) and (b), calculated with effect from the date on which the person concerned becomes liable to contribute to the pension fund up to the date of payment.

(7) Money payable out of the superannuation fund or any other pension fund or a provident fund in respect of a member referred to in subregulation (3) or (4), shall be applied in full or partial settlement of the amounts payable to the pension fund in terms of those subregulations and the amount of any deficit existing after such money has been so applied, shall be recovered from the member concerned in accordance with subregulation (15): Provided that if such deficit exists after the application of an amount paid from a savings fund or a provident fund or in terms of any pension law administered by a Non-White authority established by Act of Parliament, the Secretary shall determine which part (if any) of such deficit shall be payable out of revenue.

(8) (a) If the money which is to be applied in terms of subregulation (7) in respect of a member referred to in subregulation (3) and which is payable from the Natal Non-European Teachers' Provident Fund, referred to in section 11 of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), is less than the amount calculated in accordance with subregulation (6), such deficit shall be paid to the pension fund by the authority concerned out of revenue.

(b) Daar word deur 'n lid bedoel in paragraaf (a) aan die betrokke owerheid 'n bedrag betaal wat gelykstaan met die verskil tussen 'n bedrag ooreenkomstig die formule bereken ten opsigte van die tydperk van bedoelde lid se vorige pensioengewende diens bedoel in subregulasie (3), asof hy gedurende daardie tydperk 'n lid van die pensioenfonds was en daartoe bygedra het ooreenkomstig die bydraekoers van toepassing op die datum waarop hy 'n lid geword het en die totaalbedrag van die bydraes wat hy ten opsigte van sodanige tydperk aan die spaarfonds bedoel in paragraaf (a) betaal het of verskuldig is.

(9) Indien 'n persoon wat by die beëindiging van 'n tydperk van pensioengewende diens, ten opsigte van sodanige diens 'n ander voordeel as 'n jaargeld of 'n gratifikasie gepaard met 'n jaargeld uit die pensioenfonds of uit die pensioenfonds en uit inkomste ontvang het, weer onder die verpligting kom om tot die pensioenfonds by te dra, kan die Sekretaris hom, indien hy binne sewe jaar na die datum van sodanige beëindiging aansoek doen, toelaat om sodanige tydperk by sy pensioengewende diens in te sluit teen die terugbetaling aan die pensioenfonds en, waar dit van toepassing is, aan inkomste, van die bedrag van sodanige voordeel tesame met rente op bedoelde bedrag teen 5,5 persent per jaar, jaarliks saamgestel op 31 Maart en bereken vanaf die datum waarop sodanige voordeel aan hom betaal is tot en met die datum waarop sodanige bedrag en rente ingevolge subregulasie (15) betaalbaar word.

(10) Enige tydperk of gedeelte van 'n tydperk—

(a) waartydens 'n lid sonder besoldiging met verlof afwesig was of uit sy diens geskors was en ten opsigte waarvan hy nie tot die pensioenfonds bygedra het nie;

(b) wat nie pensioengewende diens of 'n tydperk van vorige pensioengewende diens waarop subregulasie (9) betrekking het, is nie, en wat volg op die datum waarop 'n lid die leeftyd van 18 jaar bereik het;

kan op die skriftelike versoek van die betrokke lid en na goeddunke van die Sekretaris as pensioengewende diens gereken word.

(11) Daar word ten opsigte van 'n tydperk wat ingevolge subregulasie (1) of (2) as pensioengewende diens gereken word—

(a) uit inkomste aan die pensioenfonds betaal—

(i) 'n bedrag wat gelykstaan met 3,25 maal die aangeslane bydraes;

(ii) 'n bedrag gelyk aan 2,75 persent van die bedrag in subparagraaf (i) bedoel, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in genoemde tydperk;

(iii) rente op die som van die bedraes wat ingevolge subparagrafe (i) en (ii) betaalbaar is, teen die koers van 5,5 persent per jaar jaarliks op 31 Maart saamgestel en bereken vanaf die datum waarop die betrokke lid 'n lid van die pensioenfonds geword het tot en met die datum waarop bedoelde bedraes betaal word; en

(b) deur die betrokke lid aan inkomste 'n bedrag betaal wat gelykstaan met die aangeslane bydraes.

(12) Daar word ten opsigte van 'n tydperk wat ingevolge subregulasie (10) (a) as pensioengewende diens gereken word—

(a) uit inkomste aan die pensioenfonds betaal—

(i) 'n bedrag wat gelykstaan met 3,25 maal die aangeslane bedraes;

(ii) 'n bedrag gelyk aan 2,75 persent van die bedrag in subparagraaf (i) bedoel, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in die betrokke tydperk;

(b) There shall be paid by a member referred to in paragraph (a) to the authority concerned an amount equal to the difference between an amount calculated in accordance with the formula in respect of the period of such member's previous pensionable service referred to in subregulation (3), as if during the said period he was a member of the pension fund and contributed thereto at the rate of contributions applicable on the date on which he became a member, and the aggregate amount of the contributions paid or due by him to the provident fund referred to in paragraph (a) in respect of such period.

(9) If any person who, on the termination of any period of pensionable service, received a benefit, other than an annuity or a gratuity coupled with an annuity, in respect of such service out of the pension fund or out of the pension fund and out of revenue, again becomes liable to contribute to the pension fund, he may, if he applies therefor within seven years of the date of such termination, be permitted by the Secretary to include such period of pensionable service in his pensionable service against repayment to the pension fund, and, where applicable, to revenue, of the amount of such benefit together with interest on the said amount at the rate of 5,5 per cent per annum, annually compounded on 31 March and calculated from the date on which such benefit was paid to him up to and including the date on which such amount and interest became payable in terms of subregulation (15).

(10) Any period or part of a period—

(a) during which a member was absent on leave without pay or was suspended from duty and in respect of which he did not contribute to the pension fund;

(b) which is not pensionable service or a period of previous pensionable service referred to in subregulation (9) and which follows the date on which a member attained the age of 18 years;

may at the written request of the member concerned and at the discretion of the Secretary be reckoned as pensionable service.

(11) There shall, in respect of a period which is reckoned as pensionable service in terms of subregulation (1) or (2)—

(a) be paid from revenue to the pension fund—

(i) an amount equal to 3,25 times the assessed contributions;

(ii) an amount equal to 2,75 per cent of the amount referred to in subparagraph (i) multiplied by the number of completed years and any portion of a year in the said period;

(iii) interest on the total of the amounts payable in terms of subparagraphs (i) and (ii), at the rate of 5,5 per cent per annum compounded annually on 31 March and calculated as from the date on which the member concerned became a member of the pension fund up to and including the date on which the said amounts are paid; and

(b) be paid by the member concerned to revenue an amount equal to the assessed contributions.

(12) There shall, in respect of a period which is reckoned as pensionable service in terms of subregulation (10) (a)—

(a) be paid from revenue to the pension fund—

(i) an amount equal to 3,25 times the assessed contributions;

(ii) an amount equal to 2,75 per cent of the amount referred to in subparagraph (i), multiplied by the number of completed years and any portion of a year in the said period;

(iii) rente op die som van die bedrae wat ingevolge subparagrafe (i) en (ii) betaalbaar is, teen die koers van 5,5 persent per jaar, jaarliks op 31 Maart saamgestel en bereken vanaf die datum wat onmiddellik volg op die datum waarop die betrokke tydperk van afwesigheid of skorsing van diens verstryk het tot en met die datum waarop bedoelde bedrae betaal word; en

(b) deur die betrokke lid aan inkomste 'n bedrag betaal wat gelykstaan met die aangeslane bedraes.

(13) Daar word ten opsigte van 'n tydperk wat ingevolge subregulasie (10) (b) as pensioengewende diens gereken word, deur die betrokke lid aan die pensioenfonds betaal—

(a) 'n bedrag wat gelykstaan met 3,25 maal die aangeslane bydraes;

(b) 'n bedrag gelyk aan 2,75 persent van die bedrag in paragraaf (a) bedoel, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in die betrokke tydperk; en

(c) rente op die som van die bedrae wat ingevolge paragrafe (a) en (b) betaalbaar is, teen die koers van 5,5 persent per jaar jaarliks op 31 Maart saamgestel en bereken vanaf die datum wat onmiddellik volg op die laaste dag van die genoemde tydperk tot en met die datum waarop bedoelde bedrae betaal word.

(14) By die toepassing van—

(a) subregulasie (11) beteken "aangeslane bydraes" in die geval van 'n manlike lid 7 persent van sy, en in die geval van 'n vroulike lid, 5 persent van haar, jaarlikse pensioengewende verdienste op die datum waarop hy of sy, na gelang van die geval, 'n lid van die pensioenfonds word, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in die tydperk van diens bedoel in subregulasie (1) of (2), na gelang van die geval, en met faktor D;

(b) subregulasie (12) beteken "aangeslane bydraes" in die geval van 'n manlike lid 7 persent van sy, en in die geval van 'n vroulike lid, 5 persent van haar, jaarlikse pensioengewende verdienste op die datum wat onmiddellik volg op die datum waarop die tydperk van verlof of skorsing bedoel in subregulasie (10) (a) verstryk het, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in die tydperk van verlof of skorsing, na gelang van die geval, en met faktor D;

(c) subregulasie (13) beteken "aangeslane bydraes" in die geval van 'n manlike lid 7 persent van sy, en in die geval van 'n vroulike lid, 5 persent van haar, jaarlikse pensioengewende verdienste op die datum wat onmiddellik volg op die laaste dag van die tydperk wat ingevolge subregulasie (10) (b) as pensioengewende diens gereken word, vermenigvuldig met die getal voltooide jare en enige deel van 'n jaar in die tydperk wat aldus bereken word, en met faktor D.

(15) 'n Tydperk wat ooreenkomstig hierdie regulasie by 'n lid se pensioengewende diens ingesluit is, word geag met sy lopende pensioengewende dienstermyn aaneen te loop, en 'n bedrag wat ingevolge hierdie regulasie deur 'n lid aan die pensioenfonds betaalbaar is of word, is, behoudens regulasie 7 (4), in geheel betaalbaar op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die Sekretaris die owerheid of verklaarde departement of liggaam waarby die betrokke lid dien, skriftelik verwittig dat sodanige bedrag verskuldig is.

(16) Vir die berekening van 'n voordeel ingevolge regulasie 11 (1) word 'n tydperk in subregulasie (10) (b) bedoel, nie as pensioengewende diens in ag geneem nie.

(iii) interest on the total of the amounts payable in terms of subparagraphs (i) and (ii), at the rate of 5,5 per cent per annum, compounded annually on 31 March and calculated as from the date immediately following the date on which the period of absence or suspension from duty in question expired, up to and including the date on which the said amounts are paid; and

(b) be paid by the member concerned to revenue an amount equal to the assessed contributions.

(13) There shall, in respect of a period which is reckoned as pensionable service in terms of subregulation (10) (b), be paid to the pension fund by the member concerned—

(a) an amount equal to 3,25 times the assessed contributions;

